NOTULE.

U.K. VERGADERING GEHOU OP 7 SEPTEMBER 1960 OM 2 N.M.

TEENWOORDIG:

Die Voorsitter, Ds. P.S.Z. Coetzee, Dr. D. Barnard, Ds. J.J. Fourie, Ds. D.S. Snyman (Alg. Send. Sekr.). Ds. W.R. de Kock (Org. Send. Sekr.)

Die vergadering word met gebed deur die Alg. Sendingsekretaris geopen.

Nadat die vorige notule goedgekeur en onderteken word, neem die vergadering die volgende sake in behandeling.

B U I T E L A N D.

SAKE VOORTVLOEIENDE UIT DIE S A S.K. NOTULE:

1. LENINGS AANGEVRA - NOTULE PAG. 3 pt.7: Die aansoeke van die volgende persone om lenings word goedgekeur nl. Eerw. D.J. Hoffman, Dr. W.A. Krige en Mnr. P.R. Botha. (Bylae A.)

2. RUSHUIS BLOEMFONTEIN REGLEMENT - Pag. 3 pt.8: Verwys na Sekretaris.

3. KONSEPREGLEMENT - BOEKWINKEL (Pag. 4 pt.19 Raadsnotule) Pag. 3 pt.11: Staan oor tot volgende vergadering.

4. RADIOVERBINDINGE - Pag. 5 pt.24: Aan die Alg. Sendingsekretaris word opgedra om by die volgende U.K. te rapporteer na die verkryging van noodsaaklike inligting.

5. VERKOOP WITKOP - Pag. 5 pt.27: Hierdie saak staan oor omdat die Inheemse Kerk nog nie regsbevoegdheid besit nie.

6. BESOEK LERAAR VAN ONS KERK - Pag. 3 pt.17: Prof. H.D.A. du Toit sal versoek word om a.s. jaar die Sendingveld te besoek met die oog op bywoning van die Konferensie aldaar. (Sien Raadsnotule pag. 5 pt.30)

7. OORDRAG VAN EIENDOMSREG AAN GEMEENTES - Pag. 3 pt.18 (Raadsnotule pag. 6 pt.31): I.v.h. word nog onderhandel.

8. HOOF VAN DIE SENDING: Die hoof van die Sending is ipso facto lid van die Westelike Raad en die Voors. van die Westelike Raad ipso facto lid van die Oostelike Raad.

9. VERANDERDE SITUASIE t.o.v. BUITEPOSTE - Pag. 9 pt. 65 (Raadsnotule Pag. 9 pt. 65): Nadat die veranderde situasie i.v.m. Buitepos-werksaamhede in behandeling geneem is, word goedgekeur dat die uiteensetting soos deur die Alg. Sendingsekretaris aan die hand gedoen, afgerol en aan elke Buiteposondersteuner besorg sal word.

10. HERSTELWERK AAN OPVOEDKUNDIGE GEBOUE OP SENDINGSTASIES - Pag. 4 pt. 36 (Raadsnotule Pag.11 pt. 78): Kennis word geneem van wat alreeds verrig is wat herstel van hierdie geboue betref en daar word gewag op 'n verslag vanuit die Sendingveld.

11. BEURSFONDS - Pag. 5 pt. 39 (Fin. Kom): Hierdie saak is na die Finansiële Kommissie verwys.

2/ .....

12. BENOEMING TWEEDE OPVOEDKUNDIGE SEKRETARIS - Pag. 5 pt. 41 (Raadsnotule Pag. 13 pt. 90): Die U.K. keur die saak goed, maar kan vir die huidige niks daaraan doen nie voordat 'n hoof vir die skool verkry is nie. In die tussentyd sal alles gedoen word deur administratiewe reëlings om verligting in die situasie aan te bring.

13. PERMANENTE BOUHEER: Pag. 5 pt. 54 (Raadsnotule pag. 17 pt.116) (sien ook pag. 5 pt. 56): Dit word opgedra aan die Alg. Sendingsekretaris om alles in sy vermoeë te doen i.v.m. hierdie saak.

14. GOEDKEURING EN OF WYSIGING VAN DIE REGLEMENT IN GEWYSIGDE VORM DEUR DIE WESTELIKE RAAD AANVAAR - Pag. 6 pt. 66): Die Sekretaris dra die voorgestelde Reglement van die Westelike Raad voor, wat puntsgewyse behandel en goedgekeur word. (Bylae B.)

15. MOTORTOELAE AAN SENDINGPERSONEEL - Pag. 7 pt. 81): Hierdie saak word opgedra aan die Sekretaris en Voorsitter om in oorleg met die Saakgelastigde kantoor 'n modus operandi te probeer vind om verligting in die situasie aan te bring.

16. BADENHORST TREKKERS - Pag. 7 pt.82): Die Sekretaris word versoek om in oorleg met die Kerk se Prokureurs i.v.m. hierdie aangeleentheid handelend op te tree.

17. FONDSE VIR STASIEVERSORGING ONTOEREIKEND - Pag. 7 pt. 83): Aan hierdie saak kan niks op die oomblik gedoen word nie.

18. TOELAAG SUSTER STOFFBERG VIR VERVOER PASIËNTE TE KAMOTO NA FORT JAMESON - Pag. 7 pt. 88): Hierdie saak sal eers met die Saakgelastigde kantoor bespreek word voordat besluit word in hoe verre aan hierdie saak aandag gegee kan word.

19. DIE VLIEGTUIGRIT NA LUSAKA (Dr. Cronje Pag. 8 pt.93): Goedkeuring geheg.

20. DIE REISKOSTE EERW. O.S. THERON NA MADZIMOYO (Pag. 8 pt.95): Goedgekeur.

21. REISKOSTE MEV. FLORIS BOTHA NA UNIE OM SPESIALITEIT TE RAADPLEEG (Pag. 8 pt. 96): Goedgekeur.

22. VLIEGVELD BY ELKE STASIE - Pag. 8 pt.98): Eerw. Hoffman word gevra om die U.K. met 'n beredeneerde voorstel te voorsien en aanbeveel by watter stasies sodanige vliegveld voorsiening gemaak kan word, aangesien daar nie fondse beskikbaar is van sodanige vliegvelde op elke stasie aan te bring.

23(a) TAMANDA-HUIS AAN REGERING VERKOOP -(Pag. 8 pt.100): Goedgekeur.

(b) DS. J.N. UYS BEDANKING: Die vergadering neem met leedwese kennis dat Ds. Uys (Nsadzu) die Sendingveld binnekort verlaat. Hy het 'n beroep na die Unie aangeneem. 'n Brief van waardering sal aan hom gerig word.

(c) ONTVANGS DR. J.M. CRONJE, OBERHOLZER, Tvl.: Die Alg. Sendingsekretaris sal die S.A.S.K. verteenwoordig op die a.s. ontvangs van Dr. Cronje as Sendeling van die gemeente Oberholzer.

3/.....